## AS DIE KOMMISSIE JOU BEL . . .

As jy in die landbou-omgewing is en jy kry uit die bloute 'n oproep van die Mededingingskommissie, is ligte vrees waarskynlik die eerste reaksie. Want ons weet mos almal watter bewerasie hierdie eweknie van die Gestapo in die onlangse verlede onder veral die base van ons groot landboumaatskappye laat blom het.

Toe ek dus nou die dag 'n oproep van 'n dame van die kommissie kry, was my eerste gedagte: "O hel, reken hulle dalk ek en my broer het saamgespan oor daai Konsortium-Merinoramme wat ons gekoop het?"

Haar eerste vraag het my effe laat ontspan. Sy wou weet of ek lid is van Tuinroete Agri, en of hulle die volgende oggend met my 'n telekonferensie kan hou oor Tuinroete en Sentraal-Suid-Koöperasie (met sy hoofkantoor op Swellendam) se beoogde samesmelting.

"Julle gaan jul tyd mors met 'n telekon. Ek is seker Tuinroete se kleinste lid," sê ek vir haar. "Boonop steun ek die samesmelting."

Nee, sê sy, hulle wil juis met die klein outjies praat om seker te maak hulle word nie deur die grotes oordonder nie.

Waarvoor hulle seker punte verdien, skat ek, dis immers hul werk.

Die volgende oggend bel drie van hulle, almal vriendelike dames. Hulle vra of ek omgee as ons Engels praat. Ek sê nee, kom ons traai maar. Hulle wil weet watter soort graan ek produseer. Ek sê koring. Hoeveel, en waar lewer ek dit? Ek sê by Tuinroete se silo op die dorp. Hoe ver is dit, en wat kos dit my per ton?

Ek gee hulle die antwoorde. Maar onthou nou, my koringproduksie is by wyse van spreke maar 'n streepsak vol vergeleke met die groot manne in ons distrik. Dis dié wat ek vir hulle sê: "You know what, I'm so small, actually I'm an emerging farmer."

Toe's daar vir 'n paar sekondes stilte. "An emerging farmer?" vra een van die dames.

"Yes!" benadruk ek dit, so ietwat uitgerek.

"OK?" antwoord sy so half vraend terug.

Nietemin, waar ek nogal ligweg gewonder het of hulle presies weet hoe dinge in die landbou-omgewing werk, was met hul vraag oor silokoste. Dit kon ek nie uit die vuis vir hulle gee nie, want, verduidelik ek vir hulle, my koring is die middag gelewer, die volgende dag het ek dit aan Bester Graan verkoop. My indruk was hulle het gereken jy verkoop net aan jou landboumaatskappy, of koöperasie, en dit lê daar vir jou koste in hul silo's. Hulle wou verder weet of Bester dan die silokoste dra.

Maar om 'n indruk te gee van waarop die kommissie in so 'n onderhoud inboor, hier's die res van die vrae. Dit wys silokoste is vir hulle die grootste kwessie:

Het ek silosakke of my eie silo's op die plaas, en gebruik ek dit?

Ek sê nee, ek is te klein.

Het ek 'n alternatief vir Tuinroete se silo's?

Ek sê ja, seker SSK s'n, maar dis weliswaar 'n raps ver.

As ek my boerdery sou uitbrei, sou ek silosakke gebruik het? En hoeveel moet ek betaal om my koring by Tuinroete op te berg?

Uit hul vraag of ek enige produkte by Tuinroete Agri se handelswinkel koop, het ek weer ligte onkunde bespeur. Toe ek sê ek koop kunsmis regstreeks by die verskaffer, en die maatskappy se naam vir hulle gee, moes ek verduidelik. En (dalk weer verkeerd?) die indruk gekry hulle dink jy koop net deur jou maatskappy of koöperasie.

Nou staan die onderhoud einde se kant toe. "Do you have any concerns at all with SSK requiring Tuinroete Agri?"

Ek sê nee, glad nie.

"Why?" wil hulle van my weet.

Ek laat hulle verstaan ek glo koöperasies het voor 1994 oor wanopvattings en heeltemal te oorhaastig na maatskappye omgeskakel. SSK het 'n koöperasie gebly, so as ons met hulle saamsmelt, word ons weer 'n boerebesigheid. Maar veral gaan dit oor diens.

As Tuinroete en SSK albei koöperasies was, sou die samesmelting my bekommer het? vra hulle.

Dan sou diens die suiwer deurslag gegee het in my besluit, sê ek.

Toe's hulle weer terug op silokoste. Besef ek dat al die silo's in die omgewing (ná samesmelting) deur een entititeit beheer sal word, en dat hy pryse dan kan verhoog vergeleke met wat ons tans betaal?

Daarop verduidelik ek aan haar in 'n koöperatiewe opset is dit boere se plig om sulke goed dop te hou, waarvoor is hulle dan aandeelhouers?

En toe sê hulle vriendelik dankie en koebaai.

Sê ek daarna ondeund aan 'n medeboer: As die samesmelting goedgekeur word, gaan ek mos nou half windgatterig glo ek het die Mededingingskommissie se kop met 'n streepsak vol koring geswaai . . .

**JEAN DU PREEZ**
Durbanville